Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

MA Afrikaans (Gedoseer) (01250162)

Duur van studie	2 jaar
Kontak	Prof WD Burger willie.burger@up.ac.za +27 (0)124206469

Programinligting

Die gedoseerde MA in Afrikaanse taalkunde en letterkunde is daarop gerig om die student van gespesialiseerde vakkennis te voorsien in ’n aantal geselekteerde vakgebiede. In die navorsingskomponent wat 50% van die finale graad uitmaak, sal die student begelei word in die formulering van ’n navorsingsvoorstel en die daaropvolgende skryf van die miniverhandeling.

Toelatingsvereistes

'n BAHons-graad in Afrikaans (of gelykwaardige tersiêre kwalifikasie met ten minste 94 krediete in Afrikaans waarvan ten minste 30 krediete op derdejaarsvlak moet wees en met goedkeuring van die Senaat).

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.